**No. 1757** **17 Augustus 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE STADHUISKOMPLEKS GELEË IN PRESIDENT BRANDSTRAAT, BLOEMFONTEIN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Stadhuiskompleks, geleë in President Brandstraat, Bloemfontein, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die Stadhuiskompleks, geleë op Gekonsolideerde Erf 3257 in die stad Bloemfontein, bestaande uit Erwe 662, 663, 664, 665, 682, 683, 684, 685, 3173, 702, 703, 704, 705, 715, 716, 717 en 718, en groot een desimaal nege nege vyf een (1,9951) morg.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 10/1935, gedateer 9 Januarie 1935

*Historiese en argitektoniese belang*

Die hoeksteen van hierdie indrukwekkende kompleks is op 27 Februarie 1934 deur prins George, hertog van Kent, gelê. Dit is deur Gordon Leith ontwerp en deur W. F. en P. du Plessis opgerig. Die Stadhuiskompleks is op 4 Desember 1936 deur die graaf van Clarendon, destydse Goewerneur van die Unie van Suid-Afrika amptelik geopen.

Dié sandsteenkompleks vorm 'n integrerende deel van die argitektoniese karakter van President Brandstraat. 10/2/1136.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

**No. 1757** **17 August 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE CITY HALL COMPLEX, SITUATED IN PRESIDENT BRAND STREET, BLOEMFONTEIN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the City Hall complex, situated in President Brand Street, Bloemfontein, to be a national monument.

*Description*

The City Hall complex, situate on Consolidated Erf 3257 in the City of Bloemfontein, comprising Erven 662, 663, 664, 665, 682, 683, 684, 685, 3173, 702, 703, 704, 705, 715, 716, 717 and 718, in extent one decimal nine nine five one (1,9951) morgen.

Certificate of Consolidated Title 10/1935, dated 9 January 1935.

*Historical and architectural interest*

The corner-stone of this impressive complex was laid on 27 February 1934 by Prince George, Duke of Kent. It was designed by Gordon Leith and erected by W. F. and P. du Plessis. The City Hall complex was officially opened on 4 December 1936 by the Earl of Clarendon, the then Governor-General of the Union of South Africa.

This sandstone complex forms an integral part of the architectural character of President Brand Street. 10/2/1136.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

(70)